SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging
SA Hunters and Game Conservation Association
**Bewaring deur volhoubare benutting / Conservation through sustainable utilisation**

Plot 3, Mountain Drive 7 / Plot 3, 7 Mountain Drive, Derdepoort
Posbus / PO Box 1952, Montana Park, 0159
E-pos / E-mail: admin@sahunt.co.za Web: www.sahunters.co.za

Tel: (012) 808-9300
Faks / Fax : 087 220 2729

Geakkrediteer deur SAPD as Jagtersvereniging: Nr 400001; Sportskietorganisasie: Nr 1300091; Beroepsjagvereniging: Nr 1300124
Accredited by SAPS as Hunting association: No 400001; Sport shooting organisation: No 1300091; Professional hunting association: No 1300124

**Spesiale Nuusbrief: 28 Januarie 2020**

***For your convenience, this newsletter is also available in English below the Afrikaans.***

28 Januarie 2020

Geagte kollega

Hierdie is ŉ spesiale nuusbrief om die Vuurwapenamnestie te verduidelik.

**Vuurwapenamnestie**

Dis reeds bekend dat die Minister van Polisie aan die einde 2019 ŉ vuurwapenamnestie afgekondig het wat van 1 Desember 2019 tot 31 Mei 2020 duur.

NHSA het ŉ dringende aansoek gebring teen die Minister van Polisie om hierdie amnestie op te skort. NHSA en die Polisie het ŉ skikkingsooreenkoms bereik wat ŉ bevel van die hof gemaak is. Dit beteken dat die Minister ingewillig het om die beleid van die Polisie te wysig om (minstens vir die duur van die amnestietydperk) wel ŉ aansoek vir ŉ nuwe lisensie vir ŉ vuurwapen te ontvang en terselfdertyd daarmee ook ŉ aansoek om bevoegdheid of hernuwing van bevoegdheid te ontvang.

Die Raad van SA Jagters het oor die afgelope naweek ŉ beplanningsessie gehou en onderneem om lede gepas in te lig oor die moontlike gebruik van die amnestie.

Ongelukkig is ons by ŉ geleentheid waar die Raad nie namens elke lid ŉ besluit kan neem nie en elkeen moet self besluit om ŉ wapen waarvan die lisensie verval het, in te handig of nie.

Die probleem is doodgewoon die volgende:

As die Raad u adviseer om nie die amnestie te gebruik nie en u word later vervolg vir die onwettige besit van ŉ wapen waarvan die lisensie verval het, is ons in die moeilikheid.

As die Raad u wel sou adviseer om die amnestie te gebruik, die wapen in te handig en aansoek te doen vir ŉ nuwe lisensie vir die wapen (soos die amnestie voorsien) maar die lisensie word nie goedgekeur nie en u verloor die wapen, dan is ons ook in die moeilikheid.

Daarom is besluit dat ons lede sal voorsien van soveel inligting moontlik sodat hulle self kan besluit.

Die amnestie mag ŉ geleentheid vir u wees om die wapen waarvan die lisensie verval het op ŉ wettige wyse weer in u naam te lisensieer. Oorweeg dit gerus.

**Hoeveel wapens se lisensies het verval?**

Die Polisie se eie data dui aan dat net meer as **400 805** wapens se lisensies verval het. Hiervan is 242 853 pistole, 100 667 rewolwers, 35 354 gewere en 20 107 haelgewere. Die res is komponente, kombinasies en karabyne. Daar is dus 343 520 handwapens (86%) waarvan die meeste waarskynlik vir selfverdediging onder Artikel 13 gelisensieer is.

**Watter beskerming het ek nou?**

Soos voorheen aangedui, is u onwettig in besit van die wapen indien u vuurwapen se lisensie verval het sonder om dit te hernu. Die beskerming was deels geleë daarin dat daar so ŉ groot aantal wapens is waarvan die lisensies verval het dat die Polisie nie die vermoë het om elkeen van die meer as 400 000 mense individueel te vervolg nie.

Die tydelike interdik wat GOSA in Julie 2018 bekom het wat die Polisie verbied om enige aksie te neem om wapens waarvan die lisensies verval het, te konfiskeer, geld steeds. ŉ Kopie van die uitspraak is hier beskikbaar.

Hierdie is tydelike verligting en die Polisie het reeds die proses begin om appèl teen die uitspraak aan te teken. Sou die appèl slaag, sal die beskerming wat hierdie interdik nou meebring verval en sal u steeds onwettig in besit wees van die wapen waarvan die lisensie verval het. U kan vervolg word vir die onwettige besit van die wapen.

**Amnestievoorwaardes**

Hierdie amnestie het baie spesifieke voorwaardes.

1. U moet die vuurwapen waarvoor u aansoek doen onder die amnestie (teen vervolging vir die onwettige besit van die wapen) by die Polisie inhandig. U kan die wapen by die toegewysde amnestiebeampte by enige polisiestasie inhandig, behalwe by die hierdie Polisiestasies wat die Polisie geïdentifiseer het as nie betroubaar genoeg om die amnestie te hanteer nie.

2. Wanneer amnestie toegestaan word, word u gevrywaar van vervolging vir die onwettige besit van die wapen. Wanneer u die wapen inhandig moet u die Polisie se vorm 522(a) voltooi en dit saam met die wapen inhandig. ŉ Kopie van die vorm is hier beskikbaar. Die Polisie moet hierdie vorm endosseer om aan te dui dat u die wapen onder die amnestie inhandig en dat aansoek gaan doen vir ŉ lisensie vir die wapen.

3. Neem kennis dat wanneer u die vorm 522(a) voltooi, u verklaar dat u die wapen vrywillig aan die Polisie oorhandig. Die Polisie sal dan waarskynlik self vorm 522(b) voltooi of in sommige gevalle mag u versoek word om die vorm te voltooi. Let daarop dat daar nie van u vereis word om vorm 522(b) te onderteken nie. Hierdie vorm bevestig dat die wapen aan die staat verbeurdverklaar word en dit nie meer aan u behoort nie. ŉ Kopie van vorm 522(b) is hier beskikbaar. Die Polisie sal dan op hulle stelsel eienaarskap van die vuurwapen oordra van u naam na Staatsdepartement 43. Polisie se stelsel sal nie langer die wapen aandui dat dit in u naam gelisensieer is nie.

4. Die Polisie sal die wapen inneem en, volgens hulle, veilig bewaar. Dit sal ballisties getoets word om na te gaan of dit met enige misdaad verbind kan word. Indien die wapen wel met ŉ misdaad verbind word sal u vervolg word vir die betrokke misdaad. Indien u aansoek doen vir ŉ nuwe lisensie vir die wapen en die lisensie word goedgekeur, behoort die wapen weer aan u teruggegee te word. Indien u nie aansoek doen vir ŉ nuwe lisensie nie, of u aansoek om ŉ lisensie word nie goedgekeur nie, sal die wapen uiteindelik vernietig word.

5. Indien u aansoek doen vir 'n nuwe lisensie vir die betrokke wapen en die lisensie word nie goedgekeur nie, sal u die normale roete van ŉ appèl teen die beslissing kan neem. Indien die appèl misluk, sal u die saak op hersiening in ŉ Hooggeregshof kan neem.

6. Wanneer u mag aansoek doen vir ŉ nuwe lisensie vir die vuurwapen wat u onder die amnestie inhandig, geld die volgende voorwaardes:

    a. Wanneer u die wapen inhandig, moet u skriftelik aandui dat u wel gaan aansoek doen vir ŉ lisensie vir die wapen. Die kennisgewing word gedoen op die vorm SAP 548. Dit is die kwitansie waarvan u ŉ kopie behoort te kry vir die vuurwapen wat u inhandig. Lees die verklaring wat u moet teken onderaan en skrap wat nie van toepassing is nie, sodat u wel aandui dat u wil aansoek doen vir die lisensie, al dan nie. ŉ Voorbeeld van die SAP548 is hier beskikbaar.

    b. U moet binne 14 dae van die datum waarop u die wapen ingehandig het aansoek doen vir ŉ nuwe lisensie vir die vuurwapen. Gebruik die aansoekvorm vir ŉ nuwe lisensie SAP 271 waarvan ŉ kopie hier beskikbaar is. Hierdie aansoek word hanteer soos ŉ gewone nuwe aansoek vir ŉ lisensie met dieselfde vereistes as vir enige

ander nuwe lisensie. Indien u later as 14 dae na die datum waarop die wapen ingedien is, aansoek doen vir ŉ lisensie sal u lisensie nie goedgekeur word nie.

c. U moet bewys dat die wapen voorheen gelisensieer was. Daar heers onsekerheid hieroor by die verskillende amnestiebeamptes in die Polisie. Sommige amnestiebeamptes dui aan dat solank die vuurwapen voorheen lisensieer was die persoon wat dit inhandig kan aansoek doen vir ŉ lisensie. Ander beamptes dui aan dat slegs indien die vuurwapen voorheen aan u gelisensieer was, kan u aansoek doen vir ŉ nuwe lisensie. Die vorige lisensie wat verval het sal afdoende bewys wees dat die wapen wel voorheen gelisensieer was. Wees veral versigtig indien u ŉ wapen inhandig wat nie voorheen in u naam gelisensieer was nie. Dit is nie seker of u wel ŉ lisensie vir so ŉ wapen sal kry nie.

d. U moet bevoeg wees om die tipe wapen waarvoor u vir ŉ lisensie aansoek doen te mag besit. Normaalweg sou u voordat u vir ŉ nuwe lisensie aansoek doen eers bevoeg verklaar moet word. Tydens die amnestie, sal die Polisie ŉ aansoek vir nuwe bevoegdheid, of die hernuwing van bevoegdheid tesame met die aansoek vir die lisensie vir die wapen ontvang.

e. U moet ook genoegsame motivering hê waarom die lisensie aan u uitgereik moet word.

**Wat van patrone?**

U moet ook onthou dat as u nie ŉ lisensie vir ŉ wapen het nie, u ook nie in besit mag wees van patrone vir ŉ wapen in die spesifieke kaliber nie. Dit is veral belangrik vir mense wat net een vuurwapen het waarvan die lisensie ook verval het. Indien u die wapen onder die amnestie inhandig mag u nie in besit wees van die patrone nie en u moet daarvan ook ontslae raak. Die amnestie maak voorsiening daarvoor dat u patrone saam met die wapen mag inhandig. U mag egter ook vooraf reeds die patrone weggee of verkoop aan iemand wat ŉ geldige lisensie van soortgelyke kaliber het.

Ons beveel aan dat u dalk liewer die patrone vir so ŉ vuurwapen gee vir iemand anders wat ŉ geldige lisensie vir die betrokke kaliber het en wat nie meer as die voorgeskrewe getal patrone in sy/haar besit het nie.

**Paar praktiese voorstelle**

As u ŉ wapen onder die amnestie wil inhandig, stel ons die volgende voor:

1. Neem baie duidelike foto's van die wapen uit verskillende hoeke en bewaar dit goed. U mag dit dalk vorentoe nodig kry.
2. Kry al u dokumente reg om vir ŉ nuwe lisensie aansoek te doen voordat u die wapen inhandig. Wanneer u die wapen inhandig, handig terselfdertyd u lisensie-aansoek vir die wapen in en indien nodig ook die aansoek om bevoegdheid of hernuwing van bevoegdheid.
3. Hou afskrifte van alle dokumentasie wat u aan die Polisie oorhandig en bewaar dit veilig.
4. Verwyder alle addisionele toerusting van die wapen wat u inhandig, byvoorbeeld die teleskoop en sy ringe, die geweerband en selfs die kolf as u dit nodig ag. Daar is gevalle waar die kolf dalk meer werd is as die geweer. Per definisie is die kolf nie eksplisiet ŉ vuurwapen nie.
5. Saam met die aansoek vir ŉ nuwe lisensie vir die wapen, verskaf die volgende dokumente:
   a. Kopie van u ID-dokument of kaart
   b. 2 Kleurfoto's (paspoortgrootte)
   c. Bewys van woonadres
   d. Kopie van geldige bevoegdheid

e. Dokumentasie om u motivering vir besit van die wapen te bewys

6. Omdat dit ŉ nuwe lisensie-aansoek is, is u nie noodwendig verplig om die aansoek vir die dieselfde doeleindes in te dien nie. U pistool mag gelisensieer gewees het vir selfverdediging maar u kan nou aansoek doen vir ŉ lisensie om die pistool vir sportskietdoeleindes te gebruik. Dit is nie ŉ hernuwing nie maar ŉ nuwe aansoek wat u sal indien.

Laat ons weet indien u enige probleme ervaar met die inhandig van ŉ wapen of die inhandig van ŉ aansoek om ŉ nuwe lisensie vir die wapen wat u inhandig. Ons verneem byvoorbeeld dat sommige Polisiestasies in die Weskaap vereis dat individue vir dieselfde tipe lisensie aansoek doen as waarvoor die lisensie voorheen uitgereik was.

As u enige probleme ervaar, skakel asseblief met Petrus Swart of Hilona Loots of Maica Pretorius.

Vriendelike groete

Fred Camphor
SA Jagters: HUB

## Special Newsletter: 28 January 2020

28 January 2020

Dear colleague

This special newsletter is an explanation of the current firearms amnesty.

**Firearms amnesty**

It is common knowledge that the Minister of Police announced an amnesty towards the end of 2019. The amnesty commenced on 1 December 2019 and will end on 31 May 2020.

NHSA brought an urgent application against the Minister of Police in an attempt to suspend the amnesty. NHSA and SAPS reached an agreement which was made an order of the court. It means that the Minister agreed to amend its policy (at least for the duration of the amnesty) to allow the simultaneous submission of an application for a new firearm licence and the application or renewal of competency.

Last weekend, the Board of SA Hunters held a strategic planning session where it was agreed to inform members of the ways in which they can make use this amnesty.

Unfortunately, the Board cannot take decisions on behalf of every member. Each member whose firearm licence has expired, must decide whether they will be surrendering their firearms or not.

The situation is as follows:

Should the Board advise you not to make use of the amnesty, and you are prosecuted for illegal possession of an unlicensed firearm, we could be in trouble.

Should the Board advise you to make use of the amnesty to hand in your firearm and to apply for a new licence (as provided for in this amnesty) and the licence application is rejected and you lose your firearm, we will be in trouble too.

Therefore, it was decided to give members all the information and leave it to them to make an informed decision on how to handle the situation.

The amnesty could provide an opportunity to obtain a legal licence for a firearm of which the licence expired. It is worth considering.

**How many firearms are there with expired licences?**

The Police's data indicates that just over **400 805** firearms' licences expired. Of these, 242 853 are pistols, 100 667 are revolvers, 35 354 are rifles and 20 107 are shotguns. The rest are components, combinations and carbines. Therefore, there are 343 520 handguns (86%) of which most are probably licenced in terms of Section 13 for the purpose of self-defence.

**What protection do I have now?**

As indicated earlier, you are in illegal possession of a firearm if your firearm licence expired and you failed to renew it. The protection was partially embedded in the fact that such a large number of firearms licences expired that the Police are incapable of prosecuting more than 400 000 people individually.

The temporary interdict that GOSA obtained in July 2018 to prevent the Police from confiscating the firearms of firearm owners whose licences had lapsed, still stands. A copy of the judgement is available here.

This is temporary relief as the Police has started with the process to appeal against the judgement. Should the appeal succeed, the protection of this court judgement will expire, and you will still be in illegal possession of the firearm of which the licence had expired. You can then be prosecuted for the illegal possession of a firearm.

**Amnesty conditions**

The amnesty has specific conditions.

7. You must surrender the firearm for which you are applying for a licence under the amnesty (indemnity from prosecution for illegal possession of a firearm) to the Police. You can hand in the firearm with the dedicated amnesty officer at any police station, except at these Police stations that had been identified by the Police as not being trustworthy to deal with firearms during the amnesty.
8. When amnesty is granted, you will be indemnified from prosecution for the illegal possession of a firearm. When handing in the firearm to the Police, you must complete SAPS form 522(a) to hand in with your firearm. A copy of the form is available here.. The Police must endorse the form to indicate that you are handing in the firearm to apply for a licence.
9. Please note that when completing form 522(a), you declare that you are voluntarily handing in the firearm to the Police. The Police will most probably complete form 522(b) or in some cases, request you to complete the form. Please note, that you are not compelled to sign form 522(b). This form confirms that the firearm has been surrendered to the SAPS and no longer belongs to you. A copy of form 522(b) is available here. The Police will transfer ownership of the firearm to State Department 43 and the system will no longer indicate that the firearm is registered in your name.
10. The Police will take the firearm for safe-keeping - or so the say. The firearm will undergo ballistic tests to check if it can be connected with crime. If the firearm is linked to a criminal act, you will be prosecuted for that crime. If your new firearm licence application is successful, the firearm should be returned to you. If the application fails, the firearm will be destroyed.
11. If your application for a new licence is not successful, you can appeal against the decision. If the appeal fails, you can take the case to the High Court for revision.
12. When applying for a new licence application for the firearm that you handed in under the amnesty, the following conditions apply:
    a. When handing in the firearm, indicate in writing that you will be applying for a new licence using form SAP 548. This is a receipt for which you must receive a copy when handing in a firearm. Read the declaration carefully, scrap what is not applicable, sign, indicating that you will be applying for a new licence, or not. An example of the SAP548 is available here.

b. You must apply for a new licence 14 days from the date on which you handed in the firearm. Use the application form SAP 271 for a new licence application, of which a copy is available here. This application will be handled as a regular new application with the same requirements that apply to any other new application. If you apply for a new licence after the 14 days since handing in your firearm, your application for a licence will not be approved.

c. You must be able to prove that the firearm was licenced before. There is some uncertainty about this requirement among the various amnesty officers at SAPS. Some amnesty officers indicate that as long as the firearm was licensed previously, the person submitting the firearm may apply for a new licence. Other officers indicated that only the person to whom this firearm was licenced previously, may apply for a new licence. The lapsed licence will be sufficient proof that the firearm was licenced before. Be careful when handing in your firearm that was not previously registered in your name. It is not sure if one would be able to obtain a firearm for such a firearm.

d. You must be competent to own the firearm for which you are applying to obtain a licence. You must be declared competent before applying for a new licence. During the amnesty, the Police will accept an application for a new competency certificate, or the renewal of competency together with the licence application.

e. You must provide sufficient motivation with the new licence application.

**What about ammunition?**

You are not allowed to own ammunition in the calibre for your unlicensed firearm. This is very important for individuals that only have one firearm of which the licence expired. When handing in the firearm under the amnesty you must get rid of the ammunition for that firearm. The amnesty allows you to hand in the ammunition with the firearm. But you can also give away or sell the ammunition to someone with a legal firearm with a similar calibre.

We recommend that you give away your ammunition to someone else with a legal licence for a firearm with a similar calibre, providing that they remain within the legal limitations of the number of bullets they may have.

**Some practical suggestions**

If you want to hand in your firearm under the amnesty, we recommend the following:

7. Take clear photographs from different angles of the firearm and keep them safely for future reference, if needed.
8. Prepare all the documentation for a new licence application before handing in your firearm. When handing in the firearm, also hand in your new licence application together with the application or renewal of your competency, if necessary.
9. Keep copies of all documentation that you submit to the Police and keep them safely for future reference.
10. Remove all additional equipment from the firearm that you hand in, e.g. the scope and its rings, rifle band and even the stock, if necessary. There are instances where the stock is worth more than the firearm. By definition, the stock is not a firearm explicitly.
11. Submit the following documents together with the new licence application:
    a. Copy of your ID document or card
    b. 2 colour photographs (passport size)
    c. Proof of residential address
    d. Copy of valid competency

e. Motivation for ownership of a firearm

12. Because it is a new licence application, you are not necessarily obliged to apply for a licence for the same purpose. Your pistol might have been licenced previously for self-defence, but you may apply for a licence to use your pistol for occasional sport shooting. This is not a renewal application, but a new application.

Please let us know of any problems you might experience when handing in your firearm and the application of a new firearms licence. We have heard that some Police stations in the Western Cape require that individuals apply for firearm licences with the same reasons as for the initial licence.

If you have any difficulties, get in touch with Petrus Swart, Hilona Loots or Maica Pretorius.

Kind regards

Fred Camphor
SA Hunters: CEO